

STATISTICS
BACK-UP

68
(1/15)



UNIE VAN SUID-AFRIKA

UNION OF SOUTH AFRICA

AGSTE
SENSUS

EIGHTH
CENSUS

VAN DIE BEVOLKING VAN DIE
UNIE VAN SUID-AFRIKA

OF THE POPULATION OF THE
UNION OF SOUTH AFRICA

7 MEI 1946

7th MAY, 1946

BOEKDEEL III

VOLUME III

SUID-AFRIKAANSE
LEWENSTABELLE

SOUTH AFRICAN
LIFE TABLES

Nos. E. 4 (BLANKES)

Nos. E. 4 (EUROPEANS)

EN

AND

C. 2. (GEMENGDES EN ANDER KLEURLINGE)

C. 2. (MIXED AND OTHER COLOURED)

Uitgegee op Gesag

Published by Authority

Prys 5s.

Price 5s.

DIE STAATSDRUKKER, PRETORIA
1951

THE GOVERNMENT PRINTER, PRETORIA

U.C. No. 14/1951
Drakkings
Cost of Printing £220 0s. 0d.
O.P.S. 10568-1950-1-1,200



UNIE VAN SUID-AFRIKA

AGSTE
SENSUS

VAN DIE BEVOLKING VAN DIE
UNIE VAN SUID-AFRIKA

7 MEI 1946

BOEKDEEL III

SUID-AFRIKAANSE
LEWENSTABELLE

Nos. E. 4 (BLANKES)

EN

C. 2. (GEMENGDES EN ANDER KLEURLINGE)

Uitgegee op Gesag

DIE STAATSDRUKKER, PRETORIA
1951

UG. No. 14/1951

CP-S.10568-1950-1-1,200

UNION OF SOUTH AFRICA

EIGHTH
CENSUS

OF THE POPULATION OF THE
UNION OF SOUTH AFRICA

7th MAY, 1946

VOLUME III

SOUTH AFRICAN
LIFE TABLES


Nos. E. 4 (EUROPEANS)


AND

C. 2. (MIXED AND OTHER COLOURED)

Published by Authority

THE GOVERNMENT PRINTER, PRETORIA
1951





UNION OF SOUTH AFRICA

EIGHTH
GENUS

IN THE YEAR ENDING 1910
UNION OF SOUTH AFRICA

THE MAY, 1910

VOLUME III

SOUTH AFRICAN
LIFE TABLES

STATISTICS
BACK-UP

68

()

Published by (author)

THE GOVERNMENT PRINTING OFFICE
6. 3. 1910

VERSLAG

DIE WERKSTELLING VAN DIE
LEWENSTABELLE

INHOUD.

Voorwoord.....	ii
Inleiding.....	iii
Opstelling van Suid-Afrikaanse Lewenstabelle Nos. E. 4 en C. 2.....	iii
Oorsig van Lewenstabelle en vergelyking met vorige Tabelle.....	xvi
Grafieke.....	xix
Tabelle.....	1

Bladsy.

REPORT

THE CONSTRUCTION OF THE
LIFE TABLES

CONTENTS.

Preface.....	ii
Introduction.....	iii
Construction of South African Life Tables Nos. E. 4 and C. 2.....	iii
Review of Life Tables and comparison with previous Tables.....	xvi
Charts.....	xix
Tables.....	1

Page.

VOORWOORD.

BOEKDEEL III.—LEWENSTABELLE.

Hierdie is die derde boekdeel oor die 1946 sensus van die Unie van Suid-Afrika, die boekdele voorheen uitgegee is—

Boekdeel I.—Geografiese Verdeling van die Bevolking.
Boekdeel II.—Leeftyte van die Blanke, Kleurling- en Asiatische Bevolkings.

Hierdie verslag bestaan uit lewenstabelle Nos. E. 4 en C. 2, d.i. die vierde lewenstabel vir blankes, en die tweede vir Kleurlinge en persone van gemengde ras (met uitsondering van Asië en Naturelle) soos amptelik deur die Buro vir Sensus en Statistiek, Pretoria, bereken.

Die uitdrukking „Gemengdes en ander Kleurlinge” omvat alle persone wat nie van suiwer blanke, Asiatische of Naturelle (Bantoe) afkoms is nie, en bestaan hoofsaaklik uit die groep wat bekend staan as die Kaapse Kleurlinge, maar sluit ook die Kaapse Maleiers en persone van gemengde rasseafkoms in.

Hierdie lewenstabelle is gegrond op die leeftydverdeling soos opgegee by die sensus van 1946, en op sterftes gedurende 1945, 1946 en 1947.

Ek is dank verskuldig aan Professor B. de Loor, Professor in Statistiek en Handelswiskunde van die Universiteit van Pretoria, vir advies en hulp. Die tabelle is opgestel deur Mnr. W. J. Pretorius, B.Sc., Eersteklerk, met behulp van ander lede van my personeel.

Verdere boekdele oor die 1946-sensus sal van tyd tot tyd uitgereik word na gelang die inligting beskikbaar word.

J. I. RAATS,
Direkteur van Sensus en Statistiek.

PREFACE.

VOLUME III.—LIFE TABLES.

This is the third volume on the 1946 census of the Union of South Africa, the volumes previously issued being—

Volume I.—Geographical Distribution of the Population.
Volume II.—Ages of the European, Coloured and Asiatic Populations.

This report consists of Life Tables Nos. E. 4 and C. 2, i.e. the fourth life table for Europeans, and the second for Coloured and persons of mixed race (excluding Asiatics and Natives), as officially calculated by the Bureau of Census and Statistics, Pretoria.

The term “Mixed and other Coloured” comprises all persons who are not of pure European, Asiatic or Native (Bantu) descent, and consists chiefly of the group known as the Cape Coloured, but also includes the Cape Malays, and persons of mixed racial descent.

These life tables have been based on the age distribution as returned at the 1946 census, and on deaths during 1945, 1946 and 1947.

I am indebted to Professor B. de Loor, Professor of Statistics and Commercial Mathematics of the University of Pretoria, for advice and assistance. The tables have been constructed by Mr. W. J. Pretorius, B.Sc., Principal Clerk, with the assistance of other members of my staff.

Further volumes on the 1946 census will be issued from time to time as the information becomes available.

J. I. RAATS,
Director of Census and Statistics.

VERSLAG

— OOR DIE

— AGSTE SENSUS VAN DIE BEVOLKING VAN DIE
— UNIE VAN SUID-AFRIKA, 7 MEI 1946.

INLEIDING.

In die verslag oor die Suid-Afrikaanse Lewenstabelle vir 1925-27 (No. E. 2) en 1935-37 (Nos. E. 3 and C. 1) is verwys na alle vorige Suid-Afrikaanse lewenstabelle waarvan publikasie bekend is.

Die onderhawige tabelle is die vierde vir blankes en die tweede vir Kleurlinge (gemengdes en ander Kleurlinge—met uitsondering van Asië en Naturelle) opgestel deur die Buro vir Sensus en Statistiek van die Unie van Suid-Afrika.

Die vorige tabelle opgestel deur die Buro vir Sensus en Statistiek is soos volg:—

- No. E. 1. 1920-22—Blankes.
- No. E. 2. 1925-27—Blankes.
- No. E. 3. 1935-37—Blankes.
- No. C. 1. 1935-37—Kleurlinge.

OPSTELLING VAN SUID-AFRIKAANSE LEWENSTABELLE Nos. E. 4 EN C. 2.

Die lewenstabelle is opgestel vir manlik en vroulik afsonderlik ten opsigte van die blanke en die Kleurlingbevolkings. Die grondgegewens wat gebruik is, is die aangetekende sterftes vir die jare 1945 tot 1947 en die bevolkingsyfers verkry uit die sensus van die 7de Mei 1946. Vir sekere leeftye is die sterftes vir vroeëre jare en die geboortes van 1939 af ook gebruik. Deur gebruikmaking van geboorte-, sterfte- en volkstrektatistiek is die bevolkingsyfers aangesuiwer om die stand by die middel van die jaar aan te toon.

Die grondbeginsels waarvolgens die lewenstabelle opgestel is is soos volg:—

Die bevolking en die sterftes is gesommeer in vyfjaarlikse leeftydsgroepe en die getalle by die middeljare van die groepe bereken deur interpolasie. Uit hierdie yfers is die sterftesyfers op vyfjaarafstande bereken, wat basiese sterftesyfers genoem sal word. Uiteindelik is die jaarlikse yfers tussen basiese sterftesyfers deur oskulerende interpolasie verkry. Hierdie metode is toegepas om die waardes van leeftyd 6 tot 86 jaar te verkry. Vir die kinderleeftyte is sterftesyfers gemaak uit geboortes en sterftes, terwyl 'n kromme-aanpassingsmetode en 'n metode van interpolasie vir die gevorderde leeftye gebruik is onderskeidelik vir blankes en Kleurlinge. Die ander funksies van die lewenstabelle is almal afgelei van die sterftesyfers.

Vergelyk met die lewenstabelle vir 1935-37, is daar verskille in die toegepaste tegniek en formules, wat sal blyk uit wat volg.

Gegevens gebruik.—Die nodige bevolkingsyfers is verkry uit die resultate van die sensus van 7 Mei 1946. Uit die registers van geboortes, sterftes en volkstrekk vir die twee maande Mei en Junie is die bevolking aangesuiwer om die benaderde stand volgens afsonderlike leeftye op 30 Junie 1946 aan te dui.

Geboorte- en sterfteregistrasie is verpligtend dwarsdeur die Unie vir blankes en Kleurlinge, en die registers toon sterftes volgens afsonderlike leeftye en geboortes volgens die vier kwartale van die jaar. Verder word sterftes in die eerste lewensjaar volgens leeftyd onder 1 dag, 1 tot 6 dae, 7 tot 13 dae, 14 tot 20 dae, 21 tot 30 dae, 1 tot 2 maande, 3 tot 5 maande, 6 tot 8 maande en 9 tot 11 maande aangedui.

REPORT

— ON THE

— EIGHTH CENSUS OF THE POPULATION OF
— THE UNION OF SOUTH AFRICA, 7th MAY, 1946.

INTRODUCTION.

In the reports on South African Life Tables for 1925-27 (No. E. 2) and 1935-37 (Nos. E. 3 and C. 1) reference was made to all previous South African Life Tables which have been published.

The present tables are the fourth for Europeans and the second for Coloured (Mixed and Other Coloured—excluding Asiatics and Natives) constructed by the Bureau of Census and Statistics of the Union of South Africa.

The previous tables constructed by the Bureau of Census and Statistics are as follows:—

- No. E. 1. 1920-22—Europeans.
- No. E. 2. 1925-27—Europeans.
- No. E. 3. 1935-37—Europeans.
- No. C. 1. 1935-37—Coloured.

CONSTRUCTION OF SOUTH AFRICAN LIFE TABLES Nos. E. 4 AND C. 2.

The life tables have been constructed for males and females separately in respect of the European and Coloured populations. The basic data used were the recorded deaths for the years 1945 to 1947 and the population figures obtained from the census of the 7th May, 1946. For certain ages the deaths for earlier years and the births from 1939 were also used. The population figures were adjusted to bring them to the middle of the year by making use of birth, death and migration statistics.

Basically, the method used for the construction of the Tables was as follows:—

The population and deaths were summed in quinquennial age groups and the numbers at the middle years of the groups calculated by interpolation. From these figures the mortality rates at five-yearly intervals, which will be referred to as pivotal rates of mortality, were calculated; and finally the annual rates between pivotal values were obtained by means of osculatory interpolation. This method was applied to obtain values from age 6 to 86 years. For the infantile ages the mortality rates were estimated from births and deaths, while for the advanced ages a curve-fitting method and a method of interpolation were used for Europeans and Coloured, respectively. The other functions of the life table were all derived from the mortality rates.

Compared with the life tables for 1935-37, there are differences in technique and formulae applied which will become plain in what follows.

Data Used.—The population figures required were obtained from the results of the census of the 7th May, 1946. From records of births, deaths and migration for the two months, May and June, the population was adjusted to show the approximate position at the 30th June, 1946, by single ages.

Birth and death registration are compulsory throughout the Union for Europeans and Coloured and the records show deaths in single ages and births according to the four quarters of the year. Furthermore, deaths in the first year of life are shown by age under 1 day, 1 to 6 days, 7 to 13 days, 14 to 20 days, 21 to 30 days, 1 to 2 months, 3 to 5 months, 6 to 8 months and 9 to 11 months.

Wat betref die blanke bevolking, is die getalle volgens afsonderlike leeftye tussen omtrent 5 en 50 ongelijk verdeel, soos duidelik gesien kan word uit grafiek 1. Die meeste van hierdie ongereeldhede is te wyte aan ander oorsake as volkstrek, wat opgespoor kan word deur die jare van geboorte van die persone by die leeftye waar die ongereeldhede merkbaar is, na te slaan. Van leeftyd 43 af is daar bv. skynbare tekorte in die getelde getalle manlikes en vroulikes ten tyde van die sensus. As 43 afgetrek word van die sensusjaartal, dan is 1903 en vroeëre jare die geboortejare van die persone, nl. die tydperk onmiddellik na en gedurende die Anglo-Boereoorlog van 1899-1902, wat natuurlik die geboortesyfer ernstig versteur het. By leeftyd 30 is daar 'n aanmerklike tekort, wat teruglei tot die Eerste Wêreldoorlog van 1914-18. Op dieselfde manier is die spore van ekonomiese depressies op die bevolking gelaat, soos bv. getoon word deur die tekorte by leeftye 11 tot omtrent 15, wat teruglei tot 1931 en die daaropvolgende jare, wat ooreenstem met die tydperk van 'n ekonomiese depressie in die Unie.

Die sterftes word natuurlik beïnvloed deur die onreëlmatige verdeling van die bevolking, maar boonop word die verskynsel van „ophoping” opgemerk in die sterftes, wat veroorsaak word deurdat voorkeur vir leeftye eindigende op sekere syfers soos 0, 5 en gelyke getalle getoon word deur beriggewers wanneer die sterftes geregistreer word, wat lei tot buitensporige groot getalle by leeftye eindigende op hierdie syfers en tekorte by ander. Die uitwerking kan in grafiek 2 bespeur word, veral by leeftye 40, 50, 60, 65 en so voorts. Die mate daarvan word aangetoon deur Myers se metode, waarvan die resultate later gegee sal word.

Ophoping is nie opmerklik by die blanke bevolking nie. Die feit dat die datum van geboorte sowel as die leeftyd gevra is in die sensusvorm het daartoe gelei dat baie noukeurige opgawes van leeftye verkry is. Die grafiek toon geen merkbare teken van ophoping by leeftye bo 50 jaar nie, waar die syfers betreklik vry van onreëlmatighede is wat sulke foute kan verberg. Myers se toets toon geen betekenisvolle ophoping by die syfers 0 en 5 nie, alhoewel die onreëlmatige leeftydverdeling van die bevolking die neiging kan hê om 'n geringe mate van ophoping te verberg.

In die geval van bevolking en sterftes by Kleurlinge is die verskynsel van ophoping een van die vernaamste faktore wat in aanmerking geneem moet word (grafieke 3 en 4). Daar sal opgemerk word dat die fout ernstiger is by die sterftes as by die bevolking, aangesien groter konsentrasies by die syfers 0 en 5 getoon word. Dit is te verwag by 'n bevolking waar leeftye minder noukeurig bekend is, aangesien die onsekerheid aangaande die juiste leeftyd groter sal wees in die geval van 'n sterfte, waar 'n tweede party die besonderhede vir die aantekening van die sterfte moet verskaf.

Groepering van bevolking en sterftes.—Bevolking en sterftes by blankes is gesommeer in die vyf moontlike vyfjaargroeperings en 'n ondersoek is gemaak om vas te stel watter groeperings vir bevolking en sterftes die beste resultate sal lewer.

Grafieke van die vyf groeperings vir bevolking en sterftes is geteken en ondersoek met die oog op die reëlmatige verloop van die vyfjarige somme. Vir die bevolking, het die groepering 4-8, 9-13, ens., die beste vertoon, maar vir sterftes was die resultaat nie beslissend nie.

Aangesien die verhouding van sterftes tot bevolking die belangrike faktor is in die grond-berekenings, is die waarde van die sterftesyfer, q_x , bereken by enkele leeftye vir elke groepering en op verskillende maniere getoets. Die handelwyse was soos volg:—

Die sterftesyfer by elke leeftyd van 15 tot 80 is verkry volgens die gewone metode om die sterftes en bevolking by die middelleeftye van die vyfjaargroep te bereken deur middel van 'n interpolasieformule en waardes van q_x hieruit af te lei op vyfjaarafstande. Uit hierdie basiswaardes is q_x vir afsonderlike leeftye verkry deur oskulerende interpolasie. Waardes is tot ses desimale bereken.

Uit hierdie vyf stelle waardes van q_x vir die leeftye 15 tot 80 is die gemiddelde waardes van q_x vir elkeen van die leeftye bereken. Die toets het nou daarin bestaan dat die afwykings

Regarding the European population, the numbers enumerated at single ages between about 5 and 50 are unevenly distributed, as can be clearly seen from chart 1. Most of these irregularities are due to causes other than migration, which can be traced by referring to the years of birth of the persons at the ages where irregularities are noticeable. For example, commencing at age 43, there are apparent deficiencies in the numbers of males and females enumerated. Deducting the age 43 from the census date 1946, the years of birth of these persons are obtained as 1903 and earlier years, which is the period immediately after and during the Anglo-Boer War of 1899-1902, which naturally had a disturbing effect on the birth-rate. At age 30, there is a marked deficiency and this leads back to the first world war of 1914-18. Similarly, the marks of economic depressions have also been left on the population, as for instance is shown by the deficiencies at ages 11 to about 15, which lead back to 1931 and succeeding years, concurring with the time of an economic depression in the Union.

The deaths are, of course, affected by the uneven distribution of the population, but, in addition, the phenomenon known as "heaping" is noticed in the deaths, which is caused by a preference for ages ending in certain digits like 0, 5 and even numbers being shown by informants when registering the deaths, leading to unduly large numbers at ages ending in these digits, and deficiencies at others. The effect can be seen in chart 2, especially at ages 40, 50, 60, 65 and so on. The extent is shown by Myers method, the results of which will be given later.

Heaping is not evident in the European population. The fact that date of birth as well as age was asked for in the census questionnaire resulted in very accurate returns of ages being obtained. The chart shows no appreciable evidence of heaping at ages above 50 years, where the figures are relatively free from irregularities which may tend to cover up such errors. Myers' test does not show any significant heaping at digits 0 and 5, although, of course, the irregular age distribution of the population may tend to obscure any slight degree of heaping present.

In the case of the Coloured population and deaths, the heaping phenomenon is one of the main factors that has to be considered (charts 3 and 4). It will be noticed that the error is more serious for the deaths than for the population, as larger concentrations at the digits 0 and 5 are shown. This is to be expected in a population where ages are less perfectly known, as in the case of a death the uncertainty in regard to the exact age would be greater where a second party has to furnish the particulars for the recording of the death.

Grouping of the Population and Deaths.—The population and deaths for Europeans were summed in the five possible quinquennial groupings and a study made in order to determine which groupings for population and deaths would give the best results.

Charts of the five groupings for population and deaths were constructed and examined for regularity of progression of the five-yearly sums. For population, the grouping 4-8, 9-13, etc., showed up best, but for deaths the result was not decisive.

As the ratio of deaths to population is the important factor for the basic calculations, the value of the mortality rate, q_x , was calculated at individual ages for each grouping and tested in various ways. The procedure was as follows:—

The mortality rate at each age from 15 to 80 was obtained by the usual method of calculating the deaths and populations at the middle ages of the five-year groups by means of an interpolation formula and deriving values of q_x at five-yearly intervals. From these pivotal rates, q_x was obtained at individual ages by means of osculatory interpolation. Values were calculated to six decimal places.

For these five sets of q_x for the ages from 15 to 80 the average values of q_x at each of these ages was calculated. The

van die vyf stelle waardes van q_x by elke leeftyd van die gemiddelde waardes van q_x bereken is en dat genoteer is watter stel die geringste afwyking toon. Die positiewe en negatiewe afwykings is gesommeer en netto en absolute totale gevind. Die resultate was soos volg:—

AFWYKINGS VAN $10^6 q_x$ VAN GEMIDDELDE.

LEEFTYE 15-80.

Leeftydsgroepering.	AFWYKINGS VAN GEMIDDELDE.			
	Positief.	Negatief.	Netto.	Absoluut.
	MANLIK.			
1-5.....	5,489	5,939	- 450	11,428
2-6.....	9,754	11,036	- 1,282	20,790
3-7.....	4,554	3,096	+ 1,458	7,650
4-8.....	6,601	6,355	+ 246	12,956
5-9.....	7,750	7,722	+ 28	15,472
	VROULIK.			
1-5.....	5,849	6,181	- 332	12,030
2-6.....	5,440	5,603	- 163	11,043
3-7.....	5,389	5,131	+ 258	10,520
4-8.....	6,600	6,047	+ 553	12,647
5-9.....	5,969	6,271	- 302	12,240

Hierdie toets dui aan dat dit vir manlik 'n keuse sou blyk te wees tussen die groeperings 1-5 en 4-8, wanneer sowel netto as absolute afwykings in aanmerking geneem word. Vir vroulik sou die groepering 2-6 die beste blyk as die netto verskil alleen in oorweging geneem word, aangesien daar nie veel te kies is tussen die groeperings wat absolute verskille betref nie.

'n Ander toets het bestaan uit gebruikmaking van die waardes van q_x soos verkry vir die vyf groeperings vir die doel van bogenelde toets om die verwagte sterftes vir elke groepering by afsonderlike leeftye van 15 tot 80 te bereken en hulle te vergelyk met die werklike sterftes. Die afwykings van die verwagte van die werklike sterftes is gesommeer en netto en absolute totale verkry, soos hieronder aangetoon.

AFWYKINGS VAN VERWAGTE VAN WERKLIKE STERFTES.

LEEFTYE 15-80.

Leeftydsgroepering.	AFWYKINGS.			
	Positief.	Negatief.	Netto.	Absoluut.
	MANLIK.			
1-5.....	239	257	- 18	496
2-6.....	234	257	- 23	491
3-7.....	241	271	- 30	512
4-8.....	239	262	- 23	501
5-9.....	246	268	- 22	514
	VROULIK.			
1-5.....	169	167	+ 2	336
2-6.....	165	173	- 8	338
3-7.....	167	173	- 6	340
4-8.....	170	176	- 6	346
5-9.....	166	178	- 12	344

test now consisted in computing the deviations of the five sets of values of q_x at each age from the average values of q_x and noting which set showed the least deviation. The positive and negative deviations were summed and net and absolute totals obtained. The results were as follows:—

DEVIATIONS OF $10^6 q_x$ FROM AVERAGE.

AGES 15-80.

Age Grouping.	DEVIATIONS FROM AVERAGE.			
	Positive.	Negative.	Net.	Absolute.
	MALE.			
1-5.....	5,489	5,939	- 450	11,428
2-6.....	9,754	11,036	- 1,282	20,790
3-7.....	4,554	3,096	+ 1,458	7,650
4-8.....	6,601	6,355	+ 246	12,956
5-9.....	7,750	7,722	+ 28	15,472
	FEMALE.			
1-5.....	5,849	6,181	- 332	12,030
2-6.....	5,440	5,603	- 163	11,043
3-7.....	5,389	5,131	+ 258	10,520
4-8.....	6,600	6,047	+ 553	12,647
5-9.....	5,969	6,271	- 302	12,240

This test shows that for males the choice would appear to lie between the groupings 1-5 and 4-8, when both net and absolute deviations are taken into account. For females, the grouping 2-6 would appear to be best if the net difference alone is considered, as there is not much to choose between the groupings as far as the absolute differences are concerned.

Another test consisted in utilizing the values of q_x obtained for the five groupings in the above test to calculate the expected deaths for each grouping at the individual ages from 15 to 80 and to compare these with the actual deaths. The deviations of the expected deaths from the actual deaths were summed and net and absolute totals obtained, as shown hereunder.

DEVIATIONS OF EXPECTED FROM ACTUAL DEATHS.

AGES 15-80.

Age Grouping.	DEVIATIONS.			
	Positive.	Negative.	Net.	Absolute.
	MALE.			
1-5.....	239	257	- 18	496
2-6.....	234	257	- 23	491
3-7.....	241	271	- 30	512
4-8.....	239	262	- 23	501
5-9.....	246	268	- 22	514
	FEMALE.			
1-5.....	169	167	+ 2	336
2-6.....	165	173	- 8	338
3-7.....	167	173	- 6	340
4-8.....	170	176	- 6	346
5-9.....	166	178	- 12	344

Volgens hierdie toets verskil die resultate vir die vyf groeperings blykbaar nie betekenisvol van mekaar nie en sou enigeen van die groeperings aanneemlik wees.

Uiteindelik is 'n toets van geheel verskillende aard op bevolking en sterftes afsonderlik toegepas. Myers se metode (1) is gebruik om vas te stel of daar ophoping in bevolking en sterftes by sekere leeftye aanwesig is.

'n Elementêre metode om die voorkeur vir sekere syfers in die gegewens aan te toon, sou wees om die getalle vir alle leeftye eindigende op 0, alle leeftye eindigende op 1, ens., tot by leeftye eindigende op 9 te sommer en uit te druk as persentasie van die totaal wat betrokke is. 'n Mens sou verwag dat elkeen van hierdie somme 10 persent van die totaal sou uitmaak in die geval van gegewens waar geen ophoping of ander steurende element teenwoordig is nie, maar daar is bewys dat dit nie so is nie, want die resultate is gelaai as gevolg van die feit dat die telling by 'n besondere syfer begin, wat lei tot 'n oordrywing van die som vir hierdie syfer, aangesien die bevolking by 'n sekere leeftyd gewoonlik groter is as by die naas hoër leeftyd.

Myers se metode skakel hierdie fout uit deur die telling beurteilungen by elkeen van die 10 syfers te laat begin en die gemiddelde van die resultate te neem. 'n „Index van voorkeur”, wat die som is van die absolute afwykings van 10 persent af en wat die mate van ophoping toon, volg ook uit die metode.

Die metode is verder ook gebruik om die doeltreffendste groepering van die gegewens vas te stel.(2) Dit kan bewerkstellig word deur die persentasies vir die 10 syfers op te tel in die vyf vyfjarige groeperings en op te let watter een die minste afwyk van 50 persent.

Die resultate verkry deur toepassing van die metode op die gegewens vir die blanke bevolking en sterftes word hieronder aangetoon. Die metode is aangewend vir beginleeftye 10 tot 19, en sommerings is gemaak tot leeftyd 99. Die syfers in deel (a) van die tabel toon die bevolking en sterftes by die verskillende syfers van leeftyd as persentasie van die betrokke totale, terwyl die syfers in deel (b) dieselfde persentasies gesommeer in groepe van vyf is.

TOETSING VAN (a) VOORKEUR VIR SEKERE SYFERS BY LEEFTYD EN (b) VIR DOELTREFFENDSTE GROEPERING DEUR MYERS SE METODE.

Leeftye eindigende op—	BLANKES.			
	MANLIK.		VROULIK.	
	Bevolking.	Sterftes.	Bevolking.	Sterftes.
(a) VOORKEUR.				
0.....	10.0	10.4	10.0	10.7
1.....	10.1	8.9	10.0	8.8
2.....	10.2	10.0	10.1	10.2
3.....	9.9	10.4	10.1	9.9
4.....	9.8	10.0	9.7	10.2
5.....	10.0	10.9	10.0	10.6
6.....	10.1	9.8	10.0	10.2
7.....	10.0	9.5	10.0	9.8
8.....	10.0	10.1	10.0	9.9
9.....	10.0	10.2	10.1	9.7
Indeks van voorkeur.....	0.7	3.8	0.6	3.8
(b) GROEPERING.				
1-5.....	50.0	50.1	49.9	49.7
2-6.....	50.0	51.0	49.9	51.1
3-7.....	49.8	50.5	49.8	50.8
4-8.....	49.8	50.2	49.7	50.8
5-9.....	50.0	50.4	50.1	50.3

(1) „Errors and bias in the reporting of census data” deur R. J. Myers, Transactions, Actuarial Society of America, Vol. 41, Deel 2, No. 104, Oktober-November 1940.

(2) United States Life Tables and Actuarial Tables, 1939-41, bladsy 121.

According to this test, the results for the five groupings do not appear to differ significantly, and any one of the groupings would be acceptable.

Finally, a test of quite a different nature was applied to the population and deaths separately. Myers' method (1) was used to determine whether any heaping at certain ages was present in the population and deaths.

An elementary method of showing the preference for certain digits in the data would be to sum the numbers for all ages ending in 0, all ages ending in 1, etc., up to ages ending in 9, and expressing these sums as percentages of the total involved. One might expect each of these sums to be 10 per cent. of the total in data where no heaping or other disturbing element is present, but it has been shown that this is not so as the results are biased owing to the fact that the count is started at a particular digit, leading to an over-statement of the sum for this digit, since normally the population at a certain age is larger than that at the next higher age.

Myers' method eliminates this bias by starting the count at each of the ten digits in turn and averaging the results. An „index of preference”, which is the sum of the absolute deviations from 10 per cent., and which shows the extent of the heaping present, also follows from the method.

The method has further been used to determine the most effective grouping of the data.(2) This may be achieved by adding the percentages for the ten digits in the five quinquennial groupings and observing which differs least from 50 per cent.

The results obtained by applying the method to the data for European population and deaths are shown below. The method was applied for starting ages 10 to 19 and summations were carried up to age 99. The figures in part (a) of the table show the population and deaths at the various digits of age as a percentage of the totals concerned, while the figures in section (b) are the same percentages summed in groups of five.

TESTING OF (a) PREFERENCE FOR CERTAIN DIGITS OF AGE AND OF (b) MOST EFFECTIVE GROUPING BY MEANS OF MYERS' METHOD.

Ages Ending in—	EUROPEANS.			
	MALE.		FEMALE.	
	Population.	Deaths.	Population.	Deaths.
(a) PREFERENCE.				
0.....	10.0	10.4	10.0	10.7
1.....	10.1	8.9	10.0	8.8
2.....	10.2	10.0	10.1	10.2
3.....	9.9	10.4	10.1	9.9
4.....	9.8	10.0	9.7	10.2
5.....	10.0	10.9	10.0	10.6
6.....	10.1	9.8	10.0	9.8
7.....	10.0	9.5	10.0	9.8
8.....	10.0	10.1	10.0	9.7
9.....	10.0	10.2	10.1	9.7
Index of Preference.....	0.7	3.8	0.6	3.8
(b) GROUPING.				
1-5.....	50.0	50.1	49.9	49.7
2-6.....	50.0	51.0	49.9	51.1
3-7.....	49.8	50.5	49.8	50.8
4-8.....	49.8	50.2	49.7	50.8
5-9.....	50.0	50.4	50.1	50.3

(1) „Errors and bias in the reporting of census data”, by R. J. Myers, Transactions, Actuarial Society of America, Vol. 41, Part 2, No. 104, October-November, 1940.

(2) United States Life Tables and Actuarial Tables, 1939-41, page 121.

Die indekse van voorkeur vir die bevolking is laag, maar in ieder geval dui hulle nie die gewone patroon van ophoping aan nie, soos duidelik blyk uit deel (a) van die tabel.

Die saak is anders vir sterftes, waar daar 'n geringe maar definitiewe ophoping van die gewone aard geopenbaar word. Syfers 0 en 5 toon die hoogste persentasies, terwyl 1 die laagste toon.

As die groepering nou in beskouing geneem word, blyk dat daar geen groot verskil tussen die vyf maniere van uitkies is sover dit die manlike en vroulike bevolkings betref nie. Vir manlike sterftes verskil die groeperings, uitgeslote 2-6, nie grootliks van mekaar nie, met 1-5 en 4-8 die beste. Die groepering 2-6 is relatief ondoeltreffend vergelyk met die ander. Vir vroulike sterftes sou die groeperings 1-5 en 5-9 verkieslik wees, met 3-7 en 4-8 volgende. Die groepering 2-6 is net soos in die geval van die manlikes relatief minderwaardig.

As die resultate van die toetse opgesom word, is die stand van sake soos volg wat betref bevolking en sterftes:—

Vergelyking van die sterftesyfers met die gemiddelde wys die groepering 1-5 of 4-8 aan vir manlik en 2-6 vir vroulik.

Vergelyking van verwagte met werklike sterftes toon geen groot verskil tussen die groeperings nie.

Myers se metode toon dat die groepering 2-6 minderwaardig is met betrekking tot die ander, met 1-5 en 4-8 die beste vir manlik en 1-5 en 5-9 die beste vir vroulik. Die ander twee groeperings vir manlik en vroulik is nie veel swakker as dié wat as die beste aangedui is nie.

Daar is uiteindelik besluit om die groepering 4-8 sowel vir manlik as vir vroulik te gebruik. Terwyl dit voorkom of die groepering 1-5 deur die toetse hierbo aangedui sou wees as die beste, is die verskil tussen 1-5 en 4-8 nie groot nie en is laasgenoemde groepering verkies, wat in ander lande en in die Unie vir vorige lewenstabiele gebruik is.

In die geval van bevolking en sterftes by Kleurlinge is alle Myers se metode gebruik vir toetsing, aangesien die ophoping in die gegewens die vernaamste oorweging hier was. Die uitslag van die toepassing van die metode verskyn hieronder.

TOETSING VAN (A) VOORKEUR VIR SEKERE SYFERS BY LEEFTYD EN (B) VIR DOELTREFFENDSTE GROEPERING DEUR MYERS SE METODE.

Leeftyd eindigende op—	KLEURLINGGRASSE.			
	MANLIK.		VROULIK.	
	Bevolking.	Sterftes.	Bevolking.	Sterftes.
(A) VOORKEUR.				
0.....	12.7	20.1	12.7	18.2
1.....	9.1	6.7	9.2	6.9
2.....	9.3	8.2	9.4	8.7
3.....	9.3	7.9	9.4	8.4
4.....	9.4	8.3	9.4	8.7
5.....	11.9	14.6	11.3	13.7
6.....	10.9	9.5	10.8	9.4
7.....	8.8	7.8	9.0	7.7
8.....	9.9	9.6	9.9	9.8
9.....	8.7	7.3	8.9	8.4
Indeks van voorkeur.....	11.0	29.4	9.6	23.9
(B) GROEPERING.				
1-5.....	49.0	45.7	48.7	46.4
2-6.....	50.8	48.5	50.3	49.0
3-7.....	50.3	48.0	49.9	48.0
4-8.....	50.9	49.8	50.4	49.4
5-9.....	50.2	48.8	49.9	49.1

The indices of preference for the population are low, but in any case do not indicate the usual pattern of heaping, as is evident from part (a) of the table.

The case is different for deaths, where a small but definite heaping of the usual nature is revealed. Digits 0 and 5 show the highest percentages, while digit 1 shows the lowest.

Considering now the grouping, it is evident that there is no great difference between the five ways of selection, as far as male and female populations are concerned. For male deaths, the groupings, excepting 2-6, do not differ greatly, with 1-5 and 4-8 being best. The grouping 2-6 is relatively ineffective compared with the others. For female deaths, the groupings 1-5 and 5-9 would be preferable, with 3-7 and 4-8 next. The grouping 2-6 is also, as in the case of males, relatively inferior.

Summarizing the results of these tests, the following is the position as regards population and deaths:—

Comparison of the mortality rates with the average indicates the grouping 1-5 or 4-8 for males and 2-6 for females.

Comparison of expected with actual deaths shows no great difference between the groupings.

Myers' method shows the grouping 2-6 to be inferior to the others, with 1-5 and 4-8 being best for males and 1-5 and 5-9 best for females. The other two groupings for males and females are not much inferior to those indicated as best.

It was finally decided to use the grouping 4-8 for both males and females. While the grouping 1-5 would appear to be indicated by the above tests as the best, the difference between 1-5 and 4-8 is not great and it was preferred to use the latter grouping which has been used in other countries and the Union for previous life tables.

In the case of the Coloured population and deaths, only Myers' method was used for testing, seeing that the main consideration here was the heaping present in the data. The results of the application of the method appear below.

TESTING OF (A) PREFERENCE FOR CERTAIN DIGITS OF AGE AND OF (B) MOST EFFECTIVE GROUPING BY MEANS OF MYERS' METHOD.

Ages Ending in—	COLOURED RACES.			
	MALE.		FEMALE.	
	Population.	Deaths.	Population.	Deaths.
(A) PREFERENCE.				
0.....	12.7	20.1	12.7	18.2
1.....	9.1	6.7	9.2	6.9
2.....	9.3	8.2	9.4	8.7
3.....	9.3	7.9	9.4	8.4
4.....	9.4	8.3	9.4	8.7
5.....	11.9	14.6	11.3	13.7
6.....	10.9	9.5	10.8	9.4
7.....	8.8	7.8	9.0	7.7
8.....	9.9	9.6	9.9	9.8
9.....	8.7	7.3	8.9	8.4
Index of Preference.....	11.0	29.4	9.6	23.9
(B) GROUPING.				
1-5.....	49.0	45.7	48.7	46.4
2-6.....	50.8	48.5	50.3	49.0
3-7.....	50.3	48.0	49.9	48.0
4-8.....	50.9	49.8	50.4	49.4
5-9.....	50.2	48.8	49.9	49.1

Die indekse van voorkeur wys taamlike ophoping, veral in die geval van sterftes, soos verwag is.

Met betrekking tot deel (B) van die tabel is dit duidelik dat die groepering 'n baie bevredigender uitwerking het vir bevolking as vir sterftes. Vir manlike sterftes is die groepering 4-8 aanmerklik beter as die ander, terwyl hierdie groepering ook die minste afwyk van 50 persent vir vroulike sterftes. Aangesien 'n dergelike groepering op die bevolking toegepas ook bevredigend is, is die groepering 4-8 gekies vir Kleurlinge.

Berekening van sterftesyfer q_x .—Daar die metodes verskil volgens die leeftye, is hierdie beskrywing verdeel in afdelings wat mekaar volg in die orde waarin die berekenings uitgevoer is.

Leeftyd 0.—Vir die berekening van die sterftesyfer vir die leeftyd onder 1 jaar, is gebruik gemaak van die formule wat die ware sterfte aangee, nl.—

$$q_x = 1 - \delta p_x \cdot a p_x$$

soos gegee deur H. H. Wolfenden⁽²⁾ waar $a p_x$ die kans is dat 'n persoon wat leeftyd x gedurende die kalenderjaar z bereik, gemiddeld tot die end van daardie kalenderjaar sal lewe en δp_x die kans dat 'n persoon in die jaar van leeftyd x by die begin van die kalenderjaar gemiddeld sal lewe tot die leeftyd $x+1$ gedurende daardie jaar.

Ons het verder dat

$$a p_x = \frac{P_x^{z+1}}{E_x^z} \text{ en } \delta p_x = \frac{E_x^{z+1}}{P_x^z}$$

waar P_x^z en P_x^{z+1} die bevolkings onderskeidelik by die begin en einde van die kalenderjaar z aandui en E_x^z en E_x^{z+1} dié wat onderskeidelik leeftyd x en $x+1$ gedurende die kalenderjaar z bereik.

Met invoering van die waardes δD_x^z , die sterftes wat plaasvind tussen die begin van die kalenderjaar en die bereiking van leeftyd $x+1$, en $a D_x^z$, die sterftes tussen bereiking van leeftyd x en die einde van die kalenderjaar, het ons die volgende verbande:—

$$\delta D_x^z = P_x^z - E_x^{z+1} \text{ en } a D_x^z = E_x^z - P_x^{z+1}$$

Vir die jaar van leeftyd 0 word die verbande:—

$$q_0 = 1 - \delta p_0 \cdot a p_0; \quad a p_0 = \frac{P_0^{z+1}}{E_0^z} \text{ en } \delta p_0 = \frac{E_1^z}{P_0^z};$$

$$\delta D_0^z = P_0^z - E_1^z; \quad a D_0^z = E_0^z - P_0^{z+1}$$

E_0^z stel geboortes gedurende die kalenderjaar z voor, en E_1^z , P_0^z en P_0^{z+1} kan gevolglik bereken word as waardes vir $a D_0^z$ en δD_0^z beskikbaar is.

Ongelukkig is hierdie waardes nie beskikbaar uit die Unie se statistiek van sterftes nie en moet hulle geskat word. Dit is egter moontlik om hulle noukeurig uit die beskikbare gegewens te benader, soos getoon deur Wolfenden, en wel soos volg:—

As ons 1946 as die jaar onder beskouing neem, is dit duidelik dat 'n kind wat onder die leeftyd van een dag gesterf het, gedurende die tydperk 31 Desember 1945 tot 31 Desember 1946, gebore moes gewees het, d.i. gedurende 'n tydperk van 366 dae. Dus word die getal gebore gedurende 1946 en gestorwe gedurende daardie jaar onder die leeftyd van een dag op $\frac{366}{365}$ van die totale sterftes onder een dag in 1946 geskat. Net so kan met die argument voortgegaan word vir sterftes van kinders van 1 tot 6 dae, 7 tot 13 dae oud, ens., tot by 9 tot 11 maande, en die verhoudings van die sterftes by hierdie leeftye word gevind as onderskeidelik $\frac{366}{365}$, $\frac{366}{364}$, ens., tot by $\frac{1}{2}$. As die gedeeltes van die sterftes vir hierdie leeftye gesommeer word, word die getal kinders gebore en gestorwe gedurende 1946, d.i. $a D_0^{1946}$, gevind.

$a D_0$ is vir die jare 1944 tot 1946 en 1945 tot 1947 bereken en $\delta D_0^{1945-47}$ verkry deur $a D_0^{1945-47}$ van die totaal sterftes onder een jaar gedurende 1945 tot 1947 af te trek.

(2) „Population Statistics and their Compilation”, deur H. H. Wolfenden, bladsy 76 (Actuarial Studies No. 3, Actuarial Society of America).

The indices of preference indicate considerable heaping, especially in the case of deaths, as was expected.

In regard to part (b) of the table, it is obvious that the grouping has a much more satisfactory effect in so far as the population is concerned than the deaths. For male deaths the grouping 4-8 is markedly better than the others, while for female deaths, this grouping also differs least from 50 per cent. As the population similarly grouped is also satisfactory, the grouping 4-8 was selected for Coloured.

Calculation of Mortality Rate q_x .—As the methods differed according to the ages concerned, this description is divided into sections, which follow each other in the order in which the calculations were carried out.

Age 0.—For the calculation of the mortality rate at the age of under one year, use was made of the formula giving the true mortality, namely—

$$q_x = 1 - \delta p_x \cdot a p_x$$

given by H. H. Wolfenden⁽²⁾, where $a p_x$ is the probability that a person attaining age x during the calendar year z will survive on the average to the end of that year and δp_x the probability that a person in the year of age x at the beginning of the calendar year z will survive on the average until attainment of age $x+1$ during that year.

We have further that

$$a p_x = \frac{P_x^{z+1}}{E_x^z} \text{ and } \delta p_x = \frac{E_x^{z+1}}{P_x^z}$$

where P_x^z and P_x^{z+1} denote the populations aged x at the beginning and end, respectively, of the calendar year z , and E_x^z and E_x^{z+1} denote those who attain age x and $x+1$, respectively, during the calendar year z .

Introducing now the values, δD_x^z , the deaths which occur between the beginning of the calendar year and the attainment of age $x+1$, and $a D_x^z$, the deaths between attainment of age x and the end of the calendar year, we have the following relations:

$$\delta D_x^z = P_x^z - E_x^{z+1} \text{ and } a D_x^z = E_x^z - P_x^{z+1}$$

For the year of age 0, the relations become—

$$q_0 = 1 - \delta p_0 \cdot a p_0; \quad a p_0 = \frac{P_0^{z+1}}{E_0^z} \text{ and } \delta p_0 = \frac{E_1^z}{P_0^z};$$

$$\delta D_0^z = P_0^z - E_1^z; \quad a D_0^z = E_0^z - P_0^{z+1}$$

E_0^z represents births during the calendar year z , and E_1^z , P_0^z and P_0^{z+1} can, therefore, be calculated if values for $a D_0^z$ and δD_0^z are available.

Unfortunately, these values are not available from the Union's statistics of deaths and they have to be estimated. It is, however, possible to estimate them closely from the available data, as shown by Wolfenden, with the following procedure:—

Taking 1946 as the year under consideration, it is clear that a child that died under the age of one day during 1946 must have been born during the period 31st December, 1945, to 31st December, 1946, i.e. during a period of 366 days. Therefore, the number born during 1946 and died during that year under the age of one day is estimated as $\frac{366}{365}$ of the total deaths under one day in 1946. Similarly, the argument can be proceeded with for the deaths of children aged 1 to 6 days, 7 to 13 days, etc., up to 9 to 11 months, and the proportions of the deaths at these ages are found as $\frac{366}{364}$, $\frac{366}{363}$, etc., up to $\frac{1}{2}$, respectively. Summing the proportions of the deaths for these ages, the number of children born and died during 1946, i.e. $a D_0^{1946}$, is obtained.

$a D_0$ was calculated for the years 1944 to 1946 and 1945 to 1947, and $\delta D_0^{1945-47}$ obtained by deducting $a D_0^{1945-47}$ from the total deaths under one year during 1945 to 1947.

(2) „Population Statistics and their Compilation”, by H. H. Wolfenden, page 76 (Actuarial Studies No. 3, Actuarial Society of America).

Leeftye 1 tot 5 jaar.—Aangesien die sterftes vir leeftye een jaar en daarbo nie beskikbaar is volgens gedeeltes van 'n jaar van leeftyd nie, was dit nie moontlik om die voorgaande metode op leeftye bo die eerste lewensjaar toe te pas nie. Die metode wat vir hierdie leeftye gebruik is, is dieselfde as wat gebruik is vir lewensstabelle No. 10 van Engeland en Wallis. Die formule gebruik vir die berekening van q_2 word as voorbeeld gegee—

$$q = \left\{ \begin{array}{l} \text{Sterftes} \\ \text{by} \\ \text{leeftyd 2} \\ \text{gedurende} \\ \text{1945-47} \end{array} \right\} \div \left\{ \begin{array}{l} \frac{1}{8}(B^{1942} + 3B^{1942} + 5B^{1942} + 7B^{1942}) \\ + \text{geboortes gedurende 1943 en 1944.} \\ + \frac{1}{8}(7B^{1945} + 5B^{1945} + 3B^{1945} + B^{1945}) \\ - \text{sterftes by leeftyd 0 gedurende 1943-45} \\ - \text{sterftes by leeftyd 1 gedurende 1944-46} \end{array} \right.$$

waar B^{1942} die geboortes gedurende die eerste kwartaal van 1942 voorstel, B^{1942} die geboortes gedurende die tweede kwartaal van 1942, ens.

Die sterftesyfers vir blankes tot by vier jaar en vir Kleurlinge tot by vyf jaar is volgens hierdie formule bereken. Volkstrek is in aanmerking geneem.

Leeftye 6 tot 86.—Soos hierbo genoem, waar die algemene metode wat gebruik is in hooftrekke aangedui is, is basissterftesyfers op vyfjaarafstande bereken en die waardes tussenin deur interpolasie verkry.

In die besonder was die prosedure soos volg: Uit die bevolking en sterftes in vyfjarige leeftydsgroepe 4-8, 9-13, ens., gegroepeer, is die bevolking en sterftes by die middelleeftye 11, 16, ens., verkry deur middel van King se formule

$$U_{x+2} = \cdot 2w_x - \cdot 008 \Delta^2 w_{x-5}$$

